Lukas 10

[1]Daarna het die Here twee en sewentig ander aangewys en hulle twee-twee voor Hom uit gestuur na elke dorp en plek waarheen Hy van plan was om te gaan. [2]Hy het vir hulle gesê: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes. [3]Gaan nou! Maar onthou: Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in. [4]“Moenie 'n beurs of 'n reissak of skoene saamdra nie, en moenie langs die pad met groetery tyd verkwis nie. [5]As julle in 'n huis kom, moet julle eerste woorde wees: ‘Vrede vir hierdie huis.’ [6]As daar iemand woon vir wie die vrede bestem is, sal die vrede op hom bly; so nie, sal dit na julle toe terugkom. [7]Moenie van een huis na die ander trek nie, maar bly in dieselfde huis, eet en drink wat hulle voorhande het, want die arbeider is geregtig op sy loon. [8]As julle in 'n dorp kom en hulle ontvang julle, eet dan wat hulle vir julle voorsit. [9]Maak die siekes daar gesond en sê vir die mense: ‘Vir julle is die koninkryk van God baie naby!’ [10]Maar as julle in 'n dorp kom en hulle ontvang julle nie, gaan dan uit in sy strate en sê: [11]‘Selfs julle dorp se stof wat aan ons voete sit, vee ons af as aanklag teen julle. Maar dit moet julle weet: die koninkryk van God is baie naby.’ [12]Ek sê vir julle: Vir die mense van Sodom sal dit op dié dag draagliker wees as vir daardie dorp.